Romans 12:2 (Phillips)
Don't let the world around you squeeze you into its own mould, bu let God remould your minds form within, so that you may prove for youerselves that the plan of God is good meets all his demands and moves towards the goal of true maturity.
Ons woorde dra geweldig krag. In Mattheus 17:20 leer Jesus sy dissipels dat 'n mens se woorde berge sal verskuif, as jy geloof het wat selfs net so groot soos 'n mosterdsaad. Niks is vir God onmoonlik nie.
Lukas 1:37 (Afrikaanse Ou Vertaling)
Want geen ding sal by God onmoonlik wees nie.

Die woord 'niks' is eintlik twee woorde in Grieks. No Rhema (the freshly spoken word of God) will be impossible (without abiltity). Geen lewende Woord van God sal ooit na jou toe kom as dit nie die vermoë bevat om voor te bring wat dit sê nie.

ONDER KONSTRUKSIE

GROEPBESPREKING
Vertel die groep van 'n situasie waar jy gepraat het oor iets wat jy gesien of gehoor het en hoe jou woorde die sitasie beïnvloed het. Voordat 'n mens se praat kan verander, moet jou manier van dink verander (Rom 12:2). Gee praktiese idees om mekaar aan te moedig en te ondersteun om God se Woord in 'n situasie te spreek en nie die probleem verder lewendig te praat nie.
Lees Romeine 12:2 in verskillende vertaligs en memoriseer die skrifgedeelte in jou gunsteling vertaling.
PERSOONLIKE TOEPASSING
Watter area in jou lewe is jy geneig om altyd negatief of afbrekend te praat? Hoe gaan jy dit verander?
GEBED
Gebruik Lukas 1:37 en Mattheus 17:20 en spreek God se Woord oor die unike uidagings wat elkeen tans in die gesig staar.

WEEK 2
Sien, Hoor, Praat
KONNEKSIE
Deel met die groep ‘n keer toe jy jou mond verby gepraat of die verkeerde ding op die verkeerde plek gesê het.

WOORD
Lees Josua 6:1-10
Jerico was die eerste stad wat die Israeliete in hulle beloofde land ingeneem het. Israel se straf van 40 jaar in die woestyn was die resultaat van die mense se voordurende gekla en ongeloof. Dit was ongetwyfeld in Josua se agterkop gewees en daarom dat Josua duidelik vir die volk opdrag gegee om totale stilte te handhaaf soos wat hulle om die muur gestap het elke dag.
Josua 6:20 (Afrikaanse Ou Vertaling)
Toe skreeu die volk, en hulle het op die horings geblaas; en toe die volk die geluid van die horing hoor, het die volk ‘n groot krygsgeskreeu aangehef; en die muur het op sy plek ingeval, en die volk het in die stad geklim, elkeen reg voor hom uit, en hulle het die stad ingeneem.
Die feit dat ons traag is om op GOD SE WOORD te reageer is net as gevolg van ons ongeloof in WIE GOD IS. ‘n Mens kan nie altyd help vir wat jy hoor of sien nie maar deur te weier om twyfel en vrees uit te spreek, bly ons harte in lyn met wat God kan doen in plaas van met wat ons nie kan doen nie. Met die lesse van die geskiedenis in gedagte, is Josua se opdrag om stil te bly ‘n voorsorgmaatreël waaruit ons iets leer. Wanneer ons groot uitdagings in die gesig

staar, moet jy nie toelaat dat jou lippe ongelowige woorde spreek nie. Verbied jou lippe om afbrekende taal te gebruik. Woorde kan vasbind of vryspreek, daarom dat ‘n mens bedag moet wees op jou woorde! Later sou Josua en die volk die redding van die Here, wat in ooreenstemmming met hulle uitroep van oorwinning was, aanskou.

Wanneer ons God se vermoëns sien en hoor, moet ons ons nie langer na omsatandighede kyk soos wat die norm is nie, maar moet ons woorde en dade in lyn wees met God se manier van doen. Weereens kan ons iets hiervan leer uit die lewe van die dissipels.
Lees Markus 11:14-21
Hoe lyk die suurdeeg van die fariseërs? Dit verteenwoordig die godsdienstige sisteem. Dit aanvaar God in teorie maar nie in praktyk nie. Dit is om God in vorm te hê maar nie in krag nie. Die suurdeeg van Herodes is ‘n athesitiese invloed wat gebaseer is op menslike krag en vermoëns. Die suurdeeg van die koninkryk is om te weet dat alles enige tyd moontlik is. Dit word geaktiveer wanneer ons ons harte oorgee aan God en Sy manier van dink en doen.
‘n Mens praat gewoonlik so natuurlik oor presies dit wat jy sien en hoor en met Jerico se inname leer ons dat ons woorde sekere resultate tot gevolg het. Ons moet dus anders begin praat en om dit te doen, vereis dat ons gedagtes moet verander.